
**INSTINCT$^{TM}$**
OPTINYTE$^{TM}$

# NITROGEN STABILIZER

**REG NO. M 22 Act/Wet No. 36 of 1947**

| | | |
|---|---|---|
| **GROUP** | **3** | **GROEP** |

| | |
|---|---|
| **A WATER BASED MICRO-ENCAPSULATED FORMULATION FOR THE USE AS A NITRIFICATION INHIBITOR TO DECREASE NITROGEN LOSS IN THE SOIL.** | **'N WATERBASIS MIKRO-GEÊNKAP-SULEERDE FORMULASIE VIR DIE GEBRUIK AS 'N NITRIFISERINGS-INHIBEERDER OM STIKSTOFVERLIES IN DIE GROND TE VERMINDER.** |



**DANGER**

**HAZARD STATEMENTS:**
- May cause an allergic skin reaction.
- Causes serious eye damage.
- Toxic to aquatic life with long lasting effects.

**ACTIVE INGREDIENTS / AKTIEWE BESTANDDELE**

| | | |
|---|---|---|
| Nitrapyrin | ≥25 - <30% | Nitrapirien |
| Decyl alcohol, ethoxylated, phosphated, potassium salt | ≥1- <3% | Desielalkohol, geëtoksileer, fosfaat, kaliumsout |
| Polyoxyethylene octyl ether phosphate potassium salt | ≥1 - <3% | Polioksietileenoktyl eter fosfaat kaliumsout |

NET MASS ……………….5, 10, 20, 25, 50, 100 & 200 L……………. NETTO MASSA

**REGISTRATION HOLDER / REGISTRASIEHOUER**
CORTEVA AGRISCIENCE RSA (PTY) LTD / (EDMS) BPK
REG NO 1991/003030/07
Lakefield Office Park, Block A, 2$^{nd}$ Floor
272 West Avenue, CENTURION, 0157 South Africa
$^{TM}$Trademark of/Handelsmerk van Corteva Agriscience LLC

| | | |
|---|---|---|
| Batch number | | Lotnommer |
| Date of manufacture | | Vervaardigingsdatum |
| Expiry date | | Vrevaldatum |

**UN NO: 3082**

| | |
|---|---|
| Poisons Helpline: +27(0)861-555-777<br>Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)<br>24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555<br>Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700 | Gif Hulplyn: +27(0)861-555-777<br>Plaaslike Noodnommer: +27(0)82-895-0621 (SA alleenlik)<br>24 Uur Nood Tel No: +32-3-575-5555<br>Inligtingslyn Tel No: +27(0)12 683-5700 |

## WARNINGS

| **HAZARD STATEMENTS** |
| --- |
| • May cause an allergic skin reaction.<br>• Causes serious eye damage.<br>• Toxic to aquatic life with long lasting effects. |

Handle with care.
Harmful if swallowed.
May cause slight temporary eye irritation.
Skin contact might cause allergic reaction in some individuals.
Toxic to fish and other aquatic organisms.
Store away from food, feed, seed, and other agricultural chemicals.
Store in a cool, dry place.
Keep out of reach of children, uninformed persons, and animals.

**RE-ENTRY:** Do not enter treated area until the spray deposit has dried, unless protective outerwear is worn.

## PRECAUTIONS

| **PRECAUTIONARY STATEMENTS:** |
| --- |
| • CONTACT WITH SKIN: Wash with plenty of water.<br>• CONTACT WITH EYES: Immediately rinse with water for several minutes. Remove contact lenses, if present and easy to remove. Continue rinsing.<br>• Collect and clean spillage.<br>• Dispose of contents/container in accordance with applicable regulations. |

Do not inhale vapour or spray mist. Wear respiratory protection.
Avoid eye and skin contact.
Wear suitable protective clothing, rubber gloves, eye and face protection when handling the concentrate.
Wash contaminated clothing after use.
Wash with soap and water after use.
Do not eat, drink, or smoke whilst mixing or applying the product or before washing hands and face.
Avoid drift or spray onto other crops, pastures, rivers, dams, and areas not under treatment.
Clean all mixing and application equipment thoroughly after use and before it is used with other products (see “Sprayer clean-up”).
Rinse empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 10% of the container volume. Add the rinse water to the contents of the spray tank before destroying the empty container in a safe manner and do not re-use it for any other purpose.
Prevent contamination of food, feed, drinking water and eating utensils.

## SYMPTOMS OF HUMAN EXPOSURE

May result in temporary, moderate eye irritation.
Prolonged or repeated contact may cause moderate skin irritation with local redness in some individuals.

## RELEVANT SUBSTANCES

| COMPONENT | CAS No.<br>*EC* | Concentration |
|---|---|---|
| 4,6-dichloro-2-trichloromethyl pyridine | 1929-82-4 | ≥25 - <30% |
| Decyl alcohol, ethoxylated, phosphated, potassium salt | 68070-99-5 | ≥1 - <3% |
| Polyoxyethylene octyl ether phosphate potassium salt | 73018-34-5 | ≥1 - <3% |

## FIRST AID MEASURES

**Protection of first aiders**
First Aid responders should pay attention to self-protection and use the recommended protective clothing (chemical resistant gloves, splash protection).

**Ingestion**
No medical emergency treatment necessary. Let the person drink water if it is possible to swallow. Do not induce vomiting unless recommended by physician.

**Eye contact**
Flush eyes thoroughly with water for several minutes. Re-move contact lenses after the initial 1-2 minutes and continue flushing for several additional minutes. If effects occur, consult a physician, preferably an ophthalmologist.

**Skin contact**
Remove contaminated clothing. Rinse skin immediately with sufficient water for 15-20 minutes. Wash contaminated clothing before reuse.

**Inhalation**
Move person to fresh air. If symptoms occur, consult a physician.

## NOTE TO PHYSICIAN
There is no specific antidote. Treatment of exposure should be directed at the control of symptoms and the clinical condition of the patient.

## USE RESTRICTIONS AND NOTES OF USE
Apply the product strictly in accordance with the application directions.
Do not contaminate any water bodies e.g. dams, rivers, boreholes, etc.
Do not apply more than 3.4 L **Instinct™** Optinyte™ per hectare per season.
**MAIZE: Instinct™** Optinyte™ may only be applied up to the V6 growth stage.
**WHEAT: Instinct™** Optinyte™ may only be applied up to 1st detectable joint.
**SUGARCANE: Instinct™** Optinyte™ may be applied as preplant or side dressing application at any time during crop growth until access by tractor and applicator is no longer possible.

## GENERAL INFORMATION

**Instinct™** Optinyte™ is a nitrification inhibitor for use with nitrogen-based fertilisers. When used as directed, **Instinct™** Optinyte™ will reduce the loss of nitrogen from the soil due to leaching and denitrification. **Instinct™** Optinyte™ is NOT a fertiliser substitute. It delays the activity of *Nitrosomonas* bacteria to make nitrogen available for longer periods in the root zone.

**DIRECTIONS FOR USE: Use only as directed.**

**SHAKE WELL BEFORE USE.**

**MIXING INSTRUCTIONS**

**Instinct™** Optinyte™ should be applied with a conventional sprayer in 100-200 L of water at an application rate of 1.7 L/ha. Add half the required volume of water to the spray tank and begin agitation and pour the required amount of **Instinct™** Optinyte™ into the spray tank. Continue agitation while topping up the tank. Ensure thorough agitation of the mixture in the tank continues whilst mixing and spraying.

Check the physical compatibility of tank mixtures as indicated below before mixing in the tank. Maintain constant agitation during both the mixing and application processes to ensure uniform spray mixture. Read and carefully follow all applicable directions including dosage rates, restrictions, and precautions on labelling for the other products used in combination with **Instinct™** Optinyte™

**Tank Mix Compatibility Test**
To test the compatibility of **Instinct™** Optinyte™ with liquid fertilisers add proportionate amounts of each product to a small jar, cap, shake, and let stand for 15 minutes. Formation of precipitates or layers that do not readily redisperse indicates an incompatible mixture and should not be used.

**Note: Instinct™** Optinyte™ has shown compatibility issues with some ammonium thiosulfate and liquid fertilisers containing boron.

**GROUND APPLICATION**

| CROP | RATE/HA | RECOMMENDATIONS |
|---|---|---|
| **MAIZE** | **1.7 L/ha** | 1 or 2 applications per season.<br><br>Do not apply more than **3.4 L Instinct™** Optinyte™ per hectare per season.<br><br>Observe an interval of 125 days between the two applications.<br><br>Use **Instinct™** Optinyte™ as a pre-plant or pre-emergence application. **Instinct™** Optinyte™ can also be applied as a post-plant side dressing application from crop emergence up to V6 growth stage with the aim of reaching the soil. |

| CROP | RATE/HA | RECOMMENDATIONS |
|---|---|---|
| **WHEAT** | **1.7 L/ha** | 1 or 2 applications per season.<br><br>Do not apply more than **3.4 L Instinct™** Optinyte™ per hectare per season.<br><br>Observe an interval of 125 days between the two applications.<br><br>Use **Instinct™** Optinyte™ as a pre-plant or pre-emergence application. **Instinct™** Optinyte™ can also be applied as a post-plant side dressing application from crop emergence up to 1st detectable joint with the aim of reaching the soil. |
| **SUGARCANE** | **1.7 L/ha** | 1 or 2 applications per season.<br><br>Do not apply more than **3.4 L Instinct™** Optinyte™ per hectare per season.<br><br>Use **Instinct™** Optinyte™ as a pre-plant or post-plant side dressing application at any time during crop growth until access by tractor and applicator is no longer possible.<br><br>If 2 applications are applied per season, observe an interval of approximately 30 days between applications depending on accessibility by tractor and applicator. |

**NOTES:**

**Instinct™** Optinyte™ must be applied to the soil.

The optimum timing for **Instinct™** Optinyte™ application is after application of nitrogen fertiliser before planting.

During or after application **Instinct™** Optinyte™ should be incorporated by either light cultivation or rain/irrigation of 12.5 mm or more.

In cool conditions (less than 30°C), InstinctTM Optinyte™ incorporation should be executed at any time from date of application up to 10 days after application. For best effect, incorporation should occur as soon as possible after application.  If rainfall of 12.5 mm or more occurs within 10 days, incorporation by cultivation is not required.

Under hot conditions (more than 30°C), **Instinct™** Optinyte™ should be applied below the soil surface or incorporated within 3-5 days of application, rain, irrigation, or cultivation.  If rainfall of 12.5 mm or more occurs within 3-5 days, incorporation by cultivation is not required.

**Instinct™** Optinyte™ may be applied through ground application equipment that is normally used for the application of ammoniacal liquid fertilisers.

In maize, **Instinct™** Optinyte™ may be applied through properly equipped chemigation systems at a pre- or post-plant application timing prior to crop emergence up to V6 growth stage.



---Internal Use---

In wheat, **Instinct™** Optinyte™ may be applied at pre-plant up to 1st detectable joint stage.

In sugar cane, **Instinct™** Optinyte™ may be applied as a preplant or side dressing application at any time during crop growth until access by tractor and applicator is no longer possible.

Unless otherwise indicated in specific use directions, the application rates for chemigation are the same as those specified for broadcast applications.

**SPRAYER CLEAN-UP**

To avoid injury to desirable plants, thoroughly clean sprayer equipment. Proceed as follows:

a) Immediately after spraying, completely drain the sprayer tank. Any contamination on the outside of the spraying equipment should be removed by washing with clean water.

b) **First rinse:**
   - Spray the inside of tank with clean water and fill the sprayer with at least one tenth of the spray tank volume.
   - Agitate and circulate for 15 minutes and flush through spray booms, hoses, and nozzles.
   - Remove end caps or open ball valves on the ends of each boom section, and flush solution through the boom ends to ensure there is no spray solution trapped between the boom end and the nozzles.
   - Drain tank completely.

c) **Second rinse:**
   - Fill the tank with clean water and add a commercial tank cleaning agent as per manufacturer's recommendations.
   - Let the solution stand in the sprayer tank and booms for an extended period, overnight if possible.
   - Agitate and then flush the boom and hoses with the cleaning solution. Top up with water making sure the tank is completely full. Allow to stand for 15 minutes with agitation. Flush the solution out of the spray tank through the spray booms. Remove end caps or open ball valves on the ends of each boom section, and flush solution through the boom ends to ensure there is no spray solution trapped between the boom end and the nozzles.
   - After flushing the boom and hoses, drain tank completely.
   - Remove nozzles and screens and clean separately with a cleaning agent.

d) **Third rinse:**
   - Rinse the tank with clean water and flush through the boom and hoses using at least one tenth of the spray tank volume.
   - Remove end caps or open ball valves on the ends of each boom section, and flush solution through the boom ends to ensure there is no spray solution trapped between the boom end and the nozzles.
   - Drain tank completely.

**Do not** use ammonia in combination with chlorine bleach. Using ammonia with chlorine bleach will release a gas with a musty odour which may cause eye, nose, throat and lung irritation. Do not clean equipment in an enclosed area.

## STORAGE AND DISPOSAL

### Storage conditions

Store away from sun and damp, in original tightly closed containers, in a well-ventilated area, away from food and feed, and keep under lock and key. Avoid storage above 35 °C.

The product is water based and as such will freeze. Care should be taken to avoid freezing. The freezing point of this product is approximately -4°C.

### Product and container disposal

Do not re-use empty containers for any other purpose, especially not for storing water, food or feed. Perforate and flatten the containers before disposing of them in the prescribed manner.

Destroy empty containers or surplus product in an industrial incinerator approved for agricultural chemicals. Do not bury in or spray onto any area under agricultural use. Empty containers should be rinsed thoroughly three times with clean water and pour rinse solution in the spray tank.

| | |
|---|---|
| Poisons Helpline: +27(0)861-555-777<br>Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)<br>24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555<br>Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700 | Gif Hulplyn: +27(0)861-555-777<br>Plaaslike Noodnommer: +27(0)82-895-0621 (SA alleenlik)<br>24 Uur Nood Tel No: +32-3-575-5555<br>Inligtingslyn Tel No: +27(0)12 683-5700 |

© Corteva Agriscience LLC. All unauthorized reproduction of this label is forbidden.



---Internal Use---

**WAARSKUWINGS**

| **GEVAARVERKLARINGS** |
|---|
| • Kan 'n allergiese velreaksie veroorsaak.<br>• Veroorsaak ernstige oogskade.<br>• Giftig vir waterlewe met langdurige effekte. |

Hanteer versigtig.
Skadelik indien ingesluk.
Mag tydelike, matige oogirritasie tot gevolg hê.
Velkontak mag ’n allergiese reaksie veroorsaak in sommige individue.
Giftig vir visse en ander akwatiese organismes.
Stoor weg van voedsel, voer, saad en ander landbou chemikalieë.
Stoor op ’n koel, droë plek.
Hou buite bereik van kinders, oningeligte persone en diere.

**HERBETREDING:** Moet nie behandelde gebied betree alvorens die spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.

**VOORSORGMAATREËLS**

| **VOORSORG VERKLARINGS** |
|---|
| • KONTAK MET DIE VEL: Was met baie water.<br>• KONTAK MET DIE OË: Spoel onmiddellik met water vir 'n paar minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig en maklik om te verwyder. Hou aan om te spoel.<br>• Ruim vermorste produk op.<br>• Doen weg met die inhoud/houer in ooreenstemming met toepaslike regulasies. |

Moet nie die walms of spuitnewel inasem nie. Dra respiratoriese beskerming.
Vermy aanraking met die vel en oë.
Dra geskikte beskermende klere, rubberhandskoene, oog- en gesigbeskerming wanneer die konsentraat hanteer word.
Was besoedelde klere na gebruik.
Was met seep en water na gebruik.
Moet nie eet, drink of rook tydens vermenging of toediening van die produk of voordat hande en gesig gewas is nie.
Vermy spuitnewel-wegdrywing na ander gewasse, weivelde, riviere, damme en plekke wat nie behandel moet word nie.
Maak alle meng- en toedieningsapparaat deeglik skoon na gebruik en voordat dit met ander produkte gebruik word (sien “Skoonmaak van spuittoerusting“).
Spoel die leë houer drie keer uit met ‘n volume skoon water gelykstaande aan ‘n minimum van 10% van die houervolume. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk. Vernietig die leë houer op ‘n veilige manier en moet dit vir geen ander doel hergebruik nie.
Voorkom besoedeling van voedsel, voer, drinkwater en eetgerei.

**SIMPTOME VAN MENSLIKE BLOOTSTELLING**
Mag tydelike, matige oogirritasie tot gevolg hê.
Langdurige of herhaaldelike kontak mag gematigde velirritasie met lokale rooiheid veroorsaak in sommige individue.

**RELEVANTE BESTANDDELE**

| **KOMPONENTE** | **CAS No.**<br>***EC*** | **Konsentrasie**<br>**(% massa/massa)** |
|---|---|---|
| 4,6-dichloro-2-trichloromethiel piridien | 1929-82-4 | ≥25 - <30% |
| Desielalkohol, geëtoksileer, fosfaat, kaliumsout | 68070-99-5 | ≥1 - <3% |
| Polioksietileenoktyl eter fosfaat kaliumsout | 73018-34-5 | ≥1 - <3% |

**NOODHULPBEHANDELING**

**Beskerming van noodhulpverskaffers**
Noodhulpverskaffers moet oplet na selfbeskerming en die aanbevole beskermende klere gebruik (chemies weerstandbiedende handskoene, spatbeskerming).

**Inname**
Geen mediese noodhulpbehandeling word benodig nie. Laat die persoon water drink indien dit moontlik is om te sluk. Moet nie braking teweegbring nie, behalwe as dit aanbeveel word deur geneesheer.

**Kontak met die oë**
Spoel oë deeglik met skoon water vir 15-20 minute. Verwyder kontaklense, indien teenwoordig, na aanvanklike 1-2 minute en hou aan met spoel vir ‘n geruime tyd. Indien newe effekte voorkom, moet ’n geneesheer geraadpleeg word, verkieslik ’n oogarts.

**Velkontak**
Verwyder besoedelde klere. Spoel vel dadelik met genoegsame water vir 15-20 minute. Was besoedelde klere voor hergebruik.

**Inaseming**
Verskuif pasiënt dadelik na vars lug. Indien newe effekte voorkom, raadpleeg ’n geneesheer.

**NOTA AAN GENEESHEER**
Daar is geen spesifieke teenmiddel nie. Behandel simptomaties en in ooreenstemming met die kliniese toestand van pasiënt.

**GEBRUIKSBEPERKINGS EN NOTAS VIR GEBRUIK**
Dien die produk streng volgens die gebruiksaanwysings toe.
Moet nie enige waterbronne besoedel nie, bv. damme, riviere, boorgate, ens.
Moet nie meer as 3.4 L **Instinct™** Optinyte™ per hektaar per seisoen toedien nie.
**MIELIES: Instinct™** Optinyte™ mag slegs tot en met die V6 groeistadium toegedien word.
**KORING: Instinct™** Optinyte™ mag slegs tot en met 1$^{ste}$ lit sigbaar, toegedien word.
**SUIKERRIET: Instinct™** Optinyte™ kan te enige tyd tydens gewasgroei as voorplant- of na-opkoms toediening gebruik word totdat toegang deur trekker en toediener nie meer moontlik is nie.

**ALGEMENE INLIGTING**
**Instinct™** Optinyte™ is ‘n nitrifikasie inhibeerder vir gebruik saam met kunsmis met ‘n stikstofbasis. Indien **Instinct™** Optinyte™ gebruik word soos aanbeveel, sal dit die verlies van stikstof uit die grond as gevolg van loging en denitrifikasie verminder. **Instinct™** Optinyte™ is NIE ‘n plaasvervanger vir kunsmis

nie. Dit vertraag die aktiwiteit van *Nitrosomonas* bakterieë, wat dan die stikstof vir 'n langer tydperk beskikbaar stel in die wortelsone.

**GEBRUIKSAANWYSINGS: Gebruik slegs soos aangedui.**

**SKUD GOED VOOR GEBRUIK.**

**MENGINSTRUKSIES**

**Instinct™** Optinyte™ moet met konvensionele spuittoerusting toegedien word in 100-200 L water teen 'n dosis van 1.7 L/ha. Vul die spuittenk met water tot halfvol en begin roering. Voeg die verlangde hoeveelheid **Instinct™** Optinyte™ by in die spuittenk. Hou aan met roering terwyl die spuittenk opgevul word. Die spuitmengsel moet tydens vermenging en toediening voortdurend deeglik in roering gehou word.

Toets die fisiese verenigbaarheid van die tenkmengsels soos hieronder aangedui voordat dit in die tenk gemeng word. Handhaaf konstante roering tydens beide vermenging en toediening om 'n eenvormige spuitmengsel te verseker. Lees en volg alle toedieningsinstruksies, insluitende dosisse, beperkings en voorsorgmaatreëls soos op die etikette van ander produkte in kombinasie saam met **Instinct™** Optinyte™, noukeurig na.

**Tenkmengsel verenigbaarheidstoets**
Om verenigbaarheid van **Instinct™** Optinyte™ saam met vloeibare kunsmis te toets, voeg proporsionele hoeveelhede van elke produk in 'n klein fles, sit deksel op, skud en laat staan vir 15 minute. Vorming van afsaksels of lae wat nie maklik weer meng nie, dui aan dat die produkte nie verenigbaar is nie en nie saam gebruik moet word nie.

**Nota:** Sommige ammonium tiosulfaat en vloeibare kunsmis wat boor bevat, toon verenigbaarheidsprobleme met **Instinct™** Optinyte™.

**GRONDTOEDIENING**

| GEWAS | DOSIS/HA | AANBEVELINGS |
|---|---|---|
| **MIELIES** | **1.7 L/ha** | 1 of 2 toedienings per seisoen.<br><br>Moet nie meer as 3.4 L **Instinct™** Optinyte™ per hektaar per seisoen toedien nie.<br><br>'n Interval van 125 dae tussen die twee toedienings moet gehandhaaf word.<br><br>Gebruik **Instinct™** Optinyte™ as 'n voorplant- of vooropkoms-toediening. **Instinct™** Optinyte™ kan ook toegedien word as 'n naplant bandplasing vanaf gewas-opkoms tot en met V6 groeistadium, met die doel om die grond te bereik. |



---Internal Use---

| GEWAS | DOSIS/HA | AANBEVELINGS |
|---|---|---|
| **KORING** | **1.7 L/ha** | 1 of 2 toedienings per seisoen.<br><br>Moet nie meer as 3.4 L **Instinct™** Optinyte™ per hektaar per seisoen toedien nie.<br><br>‘n Interval van 125 dae tussen die twee toedienings moet gehandhaaf word.<br><br>Gebruik **Instinct™** Optinyte™ as ‘n voorplant- of vooropkoms-toediening. **Instinct™** Optinyte™ kan ook toegedien word as ‘n naplant bandplasing vanaf gewas-opkoms tot en met 1ste sigbare lit, met die doel om die grond te bereik. |
| **SUIKERRIET** | **1.7 L/ha** | 1 of 2 toedienings per seisoen.<br><br>Moet nie meer as 3.4 L Instinct™ Optinyte™ per hektaar per seisoen toedien nie.<br><br>Gebruik **Instinct™** Optinyte™ as 'n voorplant- of naplant bandplasing te enige tyd tydens gewasgroei totdat toegang deur trekker en toediener nie meer moontlik is nie.<br><br>Indien 2 toedienings per seisoen toegedien word, handhaaf 'n interval van ongeveer 30 dae tussen toedienings, afhangende van toeganklikheid deur trekker en toediener. |
| **NOTAS:**<br>**Instinct™** Optinyte™ moet op die grond toegedien word.<br><br>Die optimum tydsberekening vir **Instinct™** Optinyte™ bespuiting is na toediening van stikstof-kunsmis voor plant.<br><br>Tydens of na toediening moet **Instinct™** Optinyte™ ingewerk word deur óf ligte bewerking óf reën/besproeiing van 12.5 mm of meer.<br><br>In koel toestande (minder as 30°C) moet Instinct™ Optinyte™ inkorporering enige tyd vanaf die datum van toediening tot 10 dae na toediening uitgevoer word. Vir die beste effek moet inkorporering so gou as moontlik na toediening plaasvind. Indien reënval van 12,5 mm of meer binne 10 dae voorkom, is inkorporering deur bewerking nie nodig nie.<br><br>Tydens warm toestande (meer as 30°C), moet Instinct™ Optinyte™ onder die grondoppervlak toegedien word, of binne 3-5 dae na toediening, reën, besproeiing of bewerking, ingewerk word. Indien reënval van 12,5 mm of meer binne 3-5 dae voorkom, is inwerking deur bewerking nie nodig nie. | | |

**Instinct™** Optinyte™ kan toegedien word met grondtoedieningstoerusting wat normaalweg gebruik word vir die toediening van ammonium-gebaseerde vloeibare kunsmis.



---Internal Use---

In mielies kan **Instinct™** Optinyte™ toegedien word deur behoorlik toegeruste spilpunt-toedieningstelsels as ‘n voorplant-behandeling, of naplant-behandeling vanaf vooropkoms tot en met V6 groeistadium.

In koring kan **Instinct™** Optinyte™ toegedien word vanaf voorplant tot en met die stadium wanneer die 1ste lit sigbaar is.

In suikerriet kan **Instinct™** Optinyte™ te enige tyd tydens gewasgroei as 'n voorplant- of kopbemesting toegedien word, totdat toegang deur trekker en spuittoerusting nie meer moontlik is nie.

Indien anders aangedui op spesifieke gebruiksaanwysings, is die dosis vir spilpunttoediening dieselfde as dit wat gespesifiseer is vir band toedienings.

**SKOONMAAK VAN SPUITTOERUSTING**

Maak die spuittoerusting deeglik skoon om skade te verhoed op wenslike plante. Gaan soos volg te werk:

a) Dreineer die spuitstelsel onmiddellik na bespuiting van die gewas. Was enige kontaminasie aan die buitekant van die tenk af met skoon water.

b) **Eerste spoel:**
   - Spoel die binne-oppervlak van die spuittenk met skoon water en vul die spuittenk met ten minste een tiende van die spuittenk se volume.
   - Roer en sirkuleer vir 15 minute en spoel deur die spuitbalke, pype en spuitpunte.
   - Verwyder die proppe of maak die balkleppe op die punte van elke spuitbalkseksie oop, en spoel die oplossing deur die balkpunte om te verseker dat daar geen spuitoplossing tussen balkpunte en spuitkoppe vasgevang is nie.
   - Dreineer die tenk volledig.

c) **Tweede spoel:**
   - Vul die spuittenk met skoon water en voeg ‘n kommersiële tenk skoonmaakmiddel by soos per vervaardiger se aanbevelings.
   - Indien moontlik, laat die mengsel in die spuittenk en spuitbalke oorstaan vir ‘n verlengde periode, verkieslik oornag.
   - Roer en spoel dan die spuitbalke en pype met die skoonmaakmiddel oplossing. Vul die spuittenk met water tot dit vol is en laat staan vir 15 minute terwyl dit geroer word. Spoel die oplossing uit die spuittenk deur die spuitbalke. Verwyder die proppe of maak die balkleppe op die punte van elke spuitbalkseksie oop, en spoel die oplossing deur die balkpunte om te verseker dat daar geen spuitoplossing tussen die spuitbalk en die spuitkoppe vasgevang is nie.
   - Dreineer die spuittenk nadat die spuitbalk en pype gespoel is.
   - Verwyder die spuitkoppe en skerms en spoel afsonderlik met ‘n skoonmaakmiddel.

d) **Derde spoel:**
   - Spoel die tenk met skoon water en spoel deur die spuitbalk en pype. Gebruik ‘n tiende van die spuittenkvolume.
   - Verwyder die proppe of maak die balklep aan elke spuitbalkseksie oop, en spoel die oplossing deur die balkpunte om te verseker dat daar geen spuitoplossing tussen die spuitbalk en spuitkoppe vasgevang is nie.
   - Dreineer die tenk volledig.



---Internal Use---

**Moet nie** ammoniak saam met ‘n chloor bleikmiddel gebruik nie. As ammoniak met ‘n chloor bleikmiddel gebruik word, sal dit ‘n gas vrystel wat oog-, neus-, keel- en longirritasie kan veroorsaak. Moet nie die toerusting skoonmaak in ‘n geslote area nie.

## BERGING EN VERNIETIGING

Bergingstoestande

Berg geïsoleer van sonlig en vogtigheid, in oorspronklike houers wat dig toegemaak is, in 'n goed geventileerde area, weg van voedsel en voer en hou agter slot en grendel. Vermy berging bo 35°C.

Die produk is water-gebaseer en kan dus vries. Voorsorg moet getref word om vriesing te vermy. Die vriespunt van hierdie produk is -4°C.

Produk- en houervernietiging

Moet nie leë houers hergebruik vir enige ander doel nie, veral nie vir die stoor van water, voedsel en voer nie. Perforeer en druk die houers plat voordat dit op die voorgeskrewe wyse weggedoen word.

Vernietig leë houers of oorskotproduk in 'n industriële verbrandingsoond wat vir landbouchemikalieë goedgekeur is. Moet dit nie begrawe in, of spuit op enige gebied wat onder landboukundige gebruik is nie. Leë houers moet drie keer deeglik uitgespoel word met skoon water. Gooi hierna die spoeloplossing in die spuittenk.

| | |
|---|---|
| Poisons Helpline: +27(0)861-555-777<br>Local Emergency No: +27(0)82-895-0621 (SA only)<br>24 Hour Emergency Tel No: +32-3-575-5555<br>Information Hotline Tel No: +27(0)12 683-5700 | Gif Hulplyn: +27(0)861-555-777<br>Plaaslike Noodnommer: +27(0)82-895-0621 (SA alleenlik)<br>24 Uur Nood Tel No: +32-3-575-5555<br>Inligtingslyn Tel No: +27(0)12 683-5700 |

© Corteva Agriscience LLC. Alle ongemagtigde reproduksie van hierdie etiket word verbied.



---Internal Use---